Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1902 tot 1940's)

   VRAAG 2: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1900 tot 1930's)

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – (1940's tot 1960's)

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1940's tot 1950's)

   VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1930's tot 1940's)

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – WEERSTAND IN SUID-AFRIKA (1940's tot 1960's)

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag moet of 'n brongebaseerde vraag of 'n opsteltipe vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT WERKERSWEERSTAND IN DIE 1920's GELEI?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die vergadering? (2 x 1) (2)

1.1.2 Definieer die term *kapitalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar op wat met die woorde geïmpliseer word: "Hierdie werkers gaan die stede binne as 'n verowerde volk, hul lande onder imperiale gesag, hul hoofmanne wat saamwerk in arbeidswerwing na die myne". (2 x 2) (4)

1.1.4 Identifiseer enige DRIE uitdagings wat swart werkers in die stede ervaar het. (3 x 1) (3)

1.1.5 Wat dink jy word bedoel met die Industriële werkers van Afrika se slagspreuk. "Sifuna Zonke"? (Ons wil alles hê) (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, was die pogings om swart werkers in Kaapstad te organiseer, suksesvol? (2 x 1) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op wat met die woorde geïmpliseer word: "beklemtoon die noodsaaklikheid om die swartes en ander nie-Europese dele van die gemeenskap op te stook, op te voed en te organiseer indien enige regstelling van hul griewe verkry sou word." (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik waarom swartes by die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU) aangesluit het en lojale lede geword het. (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die bydrae wat die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU) gemaak het tot die groei van swart-nasionalisme. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Watter boodskappe dra die plakkaat oor aangaande die doelstellings van die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU)? (2 x 2) (4)

1.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU) goed georganiseer was. (1 x 2) (2)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Waarom, volgens die bron, het die Cason kampongwerkers begin staak? (3 x 1) (3)

1.4.2 Lewer kommentaar oor wat die President van die Kamer van Mynwese bedoel het toe hy gese het: "die staking het die bedryf prakties verlam." (2 x 2) (4)

1.4.3 Definieer die konsep *kampongs* in die konteks van die 1920 staking wat deur 'Industrial and Commercial Workers Union' georganiseer is. (1 x 2) (2)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die opkoms van swart-nasionalisme in Suid-Afrika tot werkersprotes in die 1920's gelei het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: HOE HET DIE OPKOMS VAN AFRIKANER NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT AFRIKANER EENHEID IN DIE 1930's EN 1940's GELEI?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Identifiseer DRIE ideologiese blokke in die proses van Afrikaner nasionalisme. (3 x 1) (3)

2.1.2 Definieer die begrip *verstedeliking* in die konteks van die bevordering van Afrikaner nasionalisme. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem enige TWEE klasse wat prominent (belangrik) was in die opbou en leiding van Afrikaner nasionalisme. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink die Afrikaner-middelklas vasbeslote was om Afrikaners te verenig. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, het die Ossewabrandwag homself bevorder? (2 x 1) (2)

2.2.2 Waarom, dink jy het dr D F Malan 'n behoefte gesien dat die Party toeganklik vir voetsoolvlak lede moet wees? (2 x 2) (4)

2.2.3 Noem enige geleentheid waar Afrikaners in hul Trekkerrokke kon ontmoet. (1 x 1) (1)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Watter boodskappe word in die foto met betrekking tot die doelwitte van die Ossewabrandwag, oorgedra? (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar oor die betekenis van die ossewa op die Ossewabrandwag se embleem. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C met betrekking tot die rol wat die Ossewabrandwag gespeel het in die bevordering van Afrikaner nasionalisme, ondersteun. (2 x 2) (4)


Hosted by www.ecexams.co.za.

2.5 Gebruik Bron 2D.

2.5.1 Wat, volgens die bron, was die bekommernis wat deur beide die Afrikaner Broederbond en dr D F Malan geopper is? (1 x 2) (2)

2.5.2 Wat, volgens die EVK-voorsitter, was die doel van die 1939 Ekonomiese Volkskongres? (2 x 1) (2)

2.5.3 Definieer die begrip *Afrikaner-nasionalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.5.4 Verduidelik wat bedoel word met dr H F Verwoerd se stelling: "die besit van "staatsmag" die beste wapen was wat beskikbaar was in die "groot stryd" om die Afrikaners se "regmatige" plek in die handel en nywerheid te bereik – dié van 'n werkgewer van arbeid." (2 x 2) (4)

2.5.5 Lewer kommentaar oor waarom die Broederbond en Sanlam die Afrikaner ekonomiese beweging in die 1940's sou borg. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in Suid-Afrika tot Afrikaner-eenheid in die 1930's en 1940's gelei het. (6)

**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN INTENSIEWE WEERSTAND TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1960's?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Watter gebeure, volgens die bron, het die begin van 'n brutale en intensiewe fase van staatsonderdrukking aangedui? (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die konsep *gewapende stryd* in die konteks van verset teen apartheid. (1 x 2) (2)

3.1.3 Lewer kommentaar op wat MK met die volgende stelling bedoel het: "Die tyd kom in die lewe van enige nasie wanneer daar net twee keuses oorbly: onderwerp of veg. Daardie tyd het nou in Suid-Afrika aangebreek." (2 x 2) (4)

3.1.4 Noem enige TWEE teikens wat deur MK vernietig is. (2 x 1) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wie, volgens die bron, het Liliesleaf-plaas gekoop? (2 x 1) (2)

3.2.2 Definieer die begrip *informant* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Waaroor dink jy het 'Operasie Mayibuye' gegaan wat later tydens die Rivonia-verhoor teen die beskuldigdes gebruik sou word? (2 x 2) (4)

3.2.4 Noem enige TWEE aktiviste wat tydens die klopjag by Liliesleaf-plaas gevang is. (2 x 1) (2)

3.2.5 Lewer kommentaar oor die implikasies wat die arrestasie van hierdie leiers op die bevrydingstryd in Suid-Afrika sal hê. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Wat, volgens die bron, was die spesifieke aanklagte wat die beskuldigdes in die gesig gestaar het? (2 x 1) (2)

3.3.2 Lewer kommentaar op wat bedoel word met die volgende stelling: "die verhoor wat Suid-Afrika verander het" in die konteks van die politieke landskap van Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

3.3.3 Wat dink jy het Mandela bedoel toe hy gesê het: 'Ek het myself aan hierdie stryd toegewy. Ek het geveg teen wit oorheersing en ek het geveg teen swart oorheersing … Maar, indien nodig, is dit 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf.' (2 x 2) (4)

3.3.4 Hoe betroubaar sal hierdie bron wees vir 'n historikus wat die rol wat Mandela in die bevrydingstryd gespeel het, bestudeer? (2 x 2) (4)


Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Watter boodskappe word in hierdie foto uitgebeeld oor die redes waarom mense buite die hof betoog het? (2 x 2) (4)

3.4.2 Haal bewyse uit die foto aan wat aandui dat die betogers die leiers op verhoor ondersteun het. (2 x 1) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) en verduidelik wat die impak van intensiewe weerstand teen die apartheidsregering in Suid-Afrika gedurende die 1960's was. (6)

**[50]**


Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

Verduidelik tot watter mate die terugkeer van soldate uit die Tweede Wêreldoorlog swart Suid-Afrikaners beïnvloed het om vir vryheid te veg.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME

Bespreek krities hoe die idee van die Volk bevorder is en die hoeksteen van Afrikaner nasionalisme in die 1930's tot 1940's geword het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – WEERSTAND IN SUID-AFRIKA

Die Nasionale Party-regering se apartheidsbeleid het in die 1950's weerstand van bevrydingsorganisasies ontlok.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord deur na die verskillende vorme van weerstand in die 1950's te verwys. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

*IHISTA4*

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT WERKERSWEERSTAND GELEI IN DIE 1920's?

### BRON 1A

Hierdie bron fokus op hoe die 'Industrial Workers of Africa' (IWA) in 1917 die grondslag vir die groei van swart-nasionalisme gelê het.

ʼn Groep swart werkers en ʼn handvol blanke radikale ontmoet in ʼn klein kamertjie agter ʼn algemene handelaar. Reuben Cetiwe, ʼn belangrike Afrika-militant (revolusionêr), beskryf die doel van die byeenkoms: "Ons is hier vir organisasie sodat, sodra al julle mede-werkers georganiseer is, dan kan ons sien wat ons kan doen om die kapitalistiese stelsel af te skaf. Ons is hier vir die redding van die werkers. Ons is hier om te organiseer en te veg vir ons regte en voordele".

Hierdie werkers gaan die stede binne as ʼn verowerde volk, hul lande onder imperiale gesag, hul hoofmanne wat saamwerk in arbeidswerwing na die myne. Belas met uitdagings soos, om verbied te word om vakbonde te organiseer, opgesluit te word in slegs mans-kampongs op die myne, of afgesonder in grimmige onaantreklike ghetto's in die tussenruimtes (spasies) van die dorpe, word hul beweging beheer deur die interne paspoort, of "paswet"-stelsel wat elke swart werkende man raak, hul gesinne gedwing om op die platteland te bly: hierdie mans is die rots (pilare) van Suid-Afrikaanse kapitalisme.

Op 27 September 1917 is die Industrial Workers of Africa, gestig. Die nuwe algemene vakbond se eise was eenvoudig, onwrikbaar, saamgevat in die slagspreuk: "Sifuna Zonke!" ("Ons wil alles hê!").

Dit is die eerste vakbond vir swart werkers wat ooit in Suid-Afrika gestig is. Jare later smelt die 'Industrial Workers of Africa', die 'Industrial and Commercial Union' en verskeie ander swart vakbonde saam om die 'Industrial and Commercial Workers Union', of ICU, te vorm.

[Uit https://www.sahistory.org.za/archive/industrial-workers-africa-1917-1921-bikisha-media-collective. Toegang op 27 April 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1B**

Hierdie bron handel oor die stigting van die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU) in Kaapstad, in 1919 en hoe dit werkers beïnvloed het om vir beter werksomstandighede te veg.

Die 'Industrial and Commercial Workers Union' (ICU) se pogings om swart werkers te organiseer het om drie hoofredes groot sukses in die Kaapstad-omgewing behaal. Eerstens was alle werkers bekommerd oor die verhoogde lewenskoste in die na-oorlogse era. Tweedens was daar 'n tekort aan ongeskoolde arbeid gedurende hierdie tydperk. Derdens het baie geskoolde en halfgeskoolde Kleurlingwerkers in die Kaap aan 'vakbonde' behoort wat hoofsaaklik uit wit werkers saamgestel is.

Kadalie het middel 1919 begin om die ICU te organiseer. Minder as ses maande later, het die nuutgestigte vakbond sowat 400 meestal swart dokwerkers gelei om te staak. As gevolg van hierdie staking is die lone van dokwerkers verhoog. Die ICU het vinnig deur Suid-Afrika versprei, veral in die landelike gebiede. In Port Elizabeth, het Samuel Makama Masabalala, die belangrikste ICU-amptenaar, die noodsaaklikheid beklemtoon om die swartes en ander nie-Europese dele van die gemeenskap op te stook, op te voed en te organiseer indien enige regstelling van hul griewe sou verkry wou word.

In Oktober 1919 het ICU-leiers in Port Elizabeth gedreig om werkers te laat staak vir 'n loon van 10 sjielings per dag. Die owerhede het gereageer deur Masabalala te arresteer. Dit het gelei tot 'n betoging buite die polisiestasie waar ICU-lede en ondersteuners sy vrylating geëis het. Die polisie is ontbied en het op betogers begin skiet. Hellman voer aan dat die 'skietery' in Port Elizabeth swartes na die geledere van die ICU gelok het. Sy skryf dat "Binne 'n kort tydjie, aangehelp deur gebeure soos die skiet van swart stakers in Port Elizabeth in Oktober 1920, het die organisasie die aanhang (lojaliteit) van tienduisende werkers verkry, van wie die meerderheid swartes was."


[Uit https://www.sahistory.org.za/article/industrial-and-commercial-union-timeline-1919-1989. Toegang op 1 Mei 2024 verkry]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

ʼn Plakkaat wat besonderhede van die Industrial and Commercial Workers Union (ICU) in die Workers Herald, ʼn koerant vir die ICU, toon.




[Uit https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/field/image/the-workers-herald-icu.jpg. Toegang op 27 April 2024 verkry]

**VERTALING**

Gestig Januarie 1919

Takke regdeur die Unie van Suid-Afrika en Suidwes Protektoraat

Alle korrespondensie moet aan die Algemene Sekretaris gerig word

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 1D

Die bron beskryf hoe swart Suid-Afrikaanse werkers beïnvloed is deur swart-nasionalisme wat gelei het tot die staking op die Cason-myn aan die Rand in 1920.

Op 16 Februarie 1920, op 'n Oos-Randse eiendomsmyn, is twee Zoeloe-mynwerkers, Mobu en Vilikati gearresteer omdat hulle in die Cason-kompleks rondbeweeg het en werkers aangemoedig het om van die werk af weg te bly. Die volgende dag het 25 000 Cason-kampongwerkers begin staak. Hulle het geweier om terug te gaan werk toe tensy die twee gearresteerde mans vrygelaat word; daar was 'n verhoging van drie sjielings per dag in lone om tred te hou met die stygende lewenskoste; daar was sekere verbeterings in die werksomstandighede.

Die staking het vinnig versprei na ander dele van die Rand, na ander myne aan die Oos-Rand. In die 12 dae wat die staking geduur het, het sowat 71 000 swart mynwerkers begin staak en 21 myne moes in hierdie tyd ophou werk. Dit was die grootste staking in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die president van die Kamer van Mynwese het gesê dat die staking 'die bedryf feitlik verlam het'.

Die Kamer van Mynwese en die regering het nie vreedsaam op die staking gereageer nie. Die myneienaars het geweier om die lone van swart mynwerkers te verhoog. Hulle het aangevoer dat myne hul winste sou verloor as die uitgawes styg. Die weermag is inderhaas ingejaag om die kampongs te omsingel. Die stakers is aangesê om hul klagtes te maak. Diegene wat gepraat het, is geboei en in hegtenis geneem as die 'hoofleiers'.

[Uit https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/archive-files3/Chapter%2016.
Toegang op 27 April 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET DIE OPKOMS VAN AFRIKANER-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT AFRIKANER-EENHEID IN DIE 1930's EN 1940's GELEI?

### BRON 2A

Hierdie bron hieronder verduidelik die faktore wat gelei het tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme.

Afrikaner-nasionalisme kan in algemene terme gesien word as ŉ breë sosiale en politieke reaksie op die ongelyke ontwikkeling van kapitalisme in Suid-Afrika. Dit het beteken dat sekere groepe, insluitend ŉ aansienlike aantal Afrikaners, agtergebly het. Afrikaner-nasionalisme het veld gewen binne ŉ konteks van toenemende verstedeliking en sekondêre industrialisasie gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë, asook die voortgesette Britse imperiale invloed in Suid-Afrika. Belangrike ideologiese boustene in hierdie proses het die bevordering van ŉ gemeenskaplike taal, die klem op wat as ŉ gemeenskaplike verlede beskou is en die eenheid van ŉ gemeenskaplike sin van godsdiens ingesluit.

Prominent in die konstruksie en rigting waarin Afrikaner-nasionalisme gestoot is, was die Afrikaner-middelklas. Hierdie klas het byvoorbeeld predikante van godsdiens, onderwysers, akademici, joernaliste, boere en sekere elemente in die staatsdiens ingesluit. Baie vooraanstaande middelklas-Afrikaners in die 1930's en 1940's het aan ŉ geheime organisasie genaamd die Afrikaner Broederbond behoort, wat onophoudelik gewerk het om die eksklusiewe belange van "ware" Afrikaners namens die volk te bevorder. Om plattelandse mense en stedelike mense, ryk en arm te verenig, het politieke idealiste en pragmatiste (rasionaliste) onder die vaandel van Afrikaner-nasionalisme gevra vir langtermyn politieke bevordering op verskeie vlakke oor ŉ aantal jare.

[Uit *Facing the Storm: Portraits of Black Lives in Rural South Africa* deur Tim Keegan]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder beskryf die belangrikheid van die Afrikaner-nasionalistiese organisasie, die Ossewabrandwag in die bevordering van nasionalisme onder Afrikaners.

Een organisasie wat uit die eeufeesvieringe ontstaan het, was die Ossewabrandwag. Dit het homself as ŉ kultuurorganisasie bevorder, wat daarop gemik was om die "gees van 38" lewendig te hou, maar dit kan nie as ŉ suiwer kulturele organisasie gesien word nie.

Dit het daarop aanspraak gemaak dat dit afsydig staan van die smerige twis (nare argumente) van partypolitiek. Klein politieke verskille kon Afrikanerdom verdeel, en daarom is gevoel dat die organisasie moes waak teen sulke verdeeldheid wat deur die dinamika van partypolitiek gegenereer word.

Die beweging, met sy klem op ŉ kulturele erfenis wat alle Afrikaners kwansuis in gemeen gehad het, het vinnig gegroei. Lidmaatskap het tussen 300 000 en 400 000 in 1941 gegroei. Die sterkte van sy aantrekkingskrag was geleë in sy vermoë om kultuurpolitiek te bevorder wat voorsiening gemaak het vir volle individuele uitdrukking en deelname.

Terselfdertyd, om die gewilde aantrekkingskrag van die Ossewabrandwag te verreken, het D.F. Malan van die Nasionale Party besluit om die Party te herorganiseer om dit meer toeganklik vir voetsoollede te maak.

Dit het geslaag omdat dit skynbaar aan elke man – en aanvanklik ook aan elke vrou – die kans gebied het op ŉ individuele en gewigtige bydrae tot die groot taak om die Afrikanervolk te verenig. By braaivleisaande en jukskeivergaderings, by die plaaslike kultuurvereniging en selfs per geleentheid by die kerk, kon Afrikaners ontmoet in daardie Trekkerrok, wat die uniform van die beweging sou wees, en ŉ gevoel van gemeenskap van kultuur, van gemeenskaplike erfenis, van georganiseerde vordering na ŉ groot doelwit te ervaar– ŉ gevoel wat hulle nie altyd binne die raamwerk van hul politieke partye ervaar het nie.

[Uit *The South African Opposition* deur Michael Roberts et.al]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Die bron hieronder is ʼn kenteken (wapen) wat ontwerp is deur die Ossewabrandwag om ʼn sin van identiteit onder Afrikaners te bevorder.




[Uit https://samilhistory.com/2017/07/16/mein-kampf-shows-the-way-to-greatness-for-south-africa-the-ossewabrandwag/: Toegang op 1 Mei 2024 verkry]


Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Die bron hieronder beskryf die bydrae van die (Broederbond) Band of Brotherhood om Afrikaner-nasionalisme te bevorder.

Een van die vernaamste besorghede (bekommernisse) wat deur beide die Afrikaner Broederbond (AB) en die destydse dr D F Malan se Nasionale Party na 1934 geopper is, was die feit dat Afrikaanssprekende blankes uit die sentrums van mag en invloed in die Suid-Afrikaanse stedelike ekonomie uitgesluit is.

Die ontwikkeling van Afrikanerbesigheid was die doel van die Oktober 1939 Ekonomiese Volkskongres (EVK), georganiseer en bestuur deur die Afrikaner Broederbond. Die EVK-voorsitter verklaar die doel as: "Nie langer die vernietiging van die Afrikanervolk te duld in 'n poging om by 'n buitelandse kapitalistiese stelsel aan te pas nie, maar om die volk te mobiliseer om hierdie vreemde stelsel vas te vang en aan te pas by ons nasionale karakter."

Dr E Donges het verklaar dat die doel van die ekonomiese beweging was "om die aantal Afrikaner-werkgewers in die handel en nywerheid tienvoudig te vermeerder". Hy is beaam deur die latere argitek van apartheid, Dr H F Verwoerd, wat aangevoer het dat die besit van "staatsmag" die beste wapen was wat beskikbaar was in die "groot stryd" om die Afrikaners se "wettige" (regmatige) plek in die handel en nywerheid te bereik – dié van 'n werkgewer van arbeid.

Die Broederbond en Sanlam het gesamentlik die Afrikaner ekonomiese beweging van die 1940's geborg. Die Broederbond het daarop gemik om die spaargeld van Afrikanerboere en werkers vir Afrikanerbesigheid te mobiliseer.

[Uit sahistory.org.za/article/Afrikaner-broederbond. Toegang op 2 Mei 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN INTENSIEWE WEERSTAND TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1960s?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die redes vir die stigting van Umkhonto we Sizwe (MK) deur die ANC wat op 16 Desember 1961 geloods is.

Die 1960's tydperk was ŉ belangrike waterskeiding in Suid-Afrika se stryd teen apartheid. Die nasleep van die Sharpeville-slagting en die verklaring van die daaropvolgende noodtoestand in Maart 1960 het die begin van ŉ brutale en intensiewe fase van staatsonderdrukking aangedui.

Die intensivering van onderdrukkende wette deur die Apartheidsregime het die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) die eerste gevalle in ŉ era van verbanning gemaak. Gedwonge ondergronds moes die ANC, PAC en ander bevrydingsorganisasies nuwe taktieke oorweeg. In 1958 en 1959 het sleutelleiers van die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) ernstig gepraat oor ŉ skuif na gewapende stryd, en tot die gevolgtrekking gekom dat vreedsame metodes vrugteloos was. Die ANC het ŉ ondergrondse militêre vleuel geskep, genaamd Umkhonto we Sizwe (MK) of die 'Spear of the Nation', wat op 16 Desember 1961 van stapel gestuur is. In die woorde van MK se stigtingsdokument: "Die tyd kom in die lewe van enige nasie wanneer daar net twee keuses oorbly: onderwerp of veg. Daardie tyd het nou vir Suid-Afrika aangebreek."

Die eerste MK-operasies was vir 16 Desember 1961 vasgestel. MK het doelbewus daardie datum gekies aangesien dit die herdenking van die Voortrekker se oorwinning van die Zoeloe in die Slag van Bloedrivier was en die dag is eerbiedig (respekteer) deur Suid-Afrika se wit Afrikanerbevolking. Vir die volgende twee jaar is MK-sabotasieveldtogte suksesvol in verskeie Suid-Afrikaanse dorpe en stede uitgevoer. MK het sy teikens beperk tot spoorweë, polisiestasies en ander sleutelgeboue wat met die administrasie van apartheid verband hou. Sy aanvalle is noukeurig beplan om enige sterftes of beserings te vermy. In totaal, van 1961 tot 1963, is meer as 190 sabotasiedade deur MK uitgevoer, wat groot ekonomiese skade aangerig het, maar nooit enige burgers beseer het nie.

[Uit https://www.britanica.com. Toegang op 30 Mei 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3B**

Hierdie bron hieronder verduidelik hoe die polisie die lede van die ANC op Liliesleaf plaas in hegtenis geneem het op 11 Julie 1963 wat tot die Rivonia-verhoor gelei het.

In die vroeë 1960's het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en die MK Hoëkommando ŉ afgesonderde plaas, genaamd Liliesleaf, in Rivonia gekoop. Daar is ooreengekom dat Arthur Goldreich en sy gesin in die hoofplaashuis sou woon, terwyl die buitehuise as ontmoetingsplek gebruik sou word. Dit was ook perfek as ŉ skuilplek vir verbode aktiviste van die altyd teenwoordige en hoogs doeltreffende polisie- en veiligheidsdienste.

Luitenant van Wyk en sy informant was ŉ week in hul soektog na, wat die informant volgehou het, die skuilplek was van die ANC en lede van sy militêre vleuel. Op 11 Julie 1963 het veertien polisiebeamptes en ŉ polisiehond, opgestapel (gelaai) in ŉ wasgoedwa Liliesleaf binnegekom. Toe die polisie die deur betree, het hulle ŉ groep mans gekry wat 'Operasie Mayibuye' bestudeer het.

Honderde inkriminerende dokumente is gevind. Die polisie het briewe, pamflette, kommunistiese literatuur, kaarte, ŉ radiosender en ŉ dupliseringsmasjien weggekarwei. Toe die klopjag verby was, het die polisie agt verdagtes in hegtenis geneem: Goldberg, Rusty Bernstein, Raymond Mhlaba, Bob Heppie, Govan Mbeki, Arthur Goldreich, Ahmed Kathrade en die man wat die polisie as hul prysvangs van die dag beskou het, die ANC-leier, Walter Sisulu. Die aanklaer se saak in die Rivonia-verhoor sou in ŉ groot mate gebou word rondom wat in die Rivonia-klopjag gevind is. Owerhede het aan die nasie die Rivonia klopjag in jubelende (gelukkige) tone aangekondig.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/rivonia-trial-1963-1964. Toegang op 30 Mei 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Hierdie uittreksel hieronder verduidelik hoe gebeure tydens die Rivonia-verhoor by die Paleis van Justisie in Pretoria, 30 Oktober 1963, ontvou het.

In 'n gesegregeerde hofsaal gevul aan die een kant met gewone-geklede polisiebeamptes en aan die ander kant met familie en vriende van die beskuldigde. Die aanklaer, Percy Yutar, het die saak die "Staat versus die Nasionale Hoë Bevel en andere" genoem. Hy het toe 'n akte van beskuldiging (aanklag) ingedien waarin hy die elf beskuldigdes van twee aanklagte van sabotasie en twee aanklagte van sameswering aangekla het. Die spesifieke aanklagte wat die beskuldigdes in die gesig gestaar het, was: die werwing van persone vir opleiding in die voorbereiding en gebruik van plofstoffe en in guerrilla-oorlogvoering met die doel van gewelddadige revolusie en die pleeg van sabotasiedade, om buitelandse militêre eenhede te help wanneer hulle die Republiek binneval, wat op hierdie maniere optree om die oogmerke van kommunisme te bevorder, en geld vir hierdie doeleindes van simpatiseerders in Algerië, Ethiopië, Liberië, Nigerië, Tunisië en elders ontvang.

Dikwels verwys na as "die verhoor wat Suid-Afrika verander het," het Mandela 'n toespraak gemaak wat waarskynlik die diepste (mees intensiewe) oomblik in die verhoor was. "… Gedurende my leeftyd het ek myself toegewy aan hierdie stryd van die swart mense. Ek het geveg teen blanke oorheersing en ek het geveg teen swart oorheersing. Ek het die ideaal van 'n demokratiese en vrye gemeenskap waarin alle mense in harmonie en met gelyke geleenthede kan saamleef, gekoester. Dit is 'n ideaal waarvoor ek hoop om te lewe en te bereik. Maar indien nodig, is dit 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf."

Die verhoor het op 12 Junie 1964 geëindig, met die hof wat agt van die veroordeeldes lewenslange tronkstraf opgelê het. Mandela, Sisulu, Mbeki, Motsoaledi, Mlangeni en Goldberg is op al vier aanklagte skuldig bevind.

[Uit https://www.famous-trials.com/nelsonmandela/691-home. Toegang op 30 Mei 2024 verkry]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 3D

Hierdie is ’n foto van ondersteuners by die Rivonia-verhoor, gelei deur Gertude Shope en ander aktiviste buite die Paleis van Justisie in Pretoria, in Oktober 1963.




[Uit *Pretoria News Library* Toegang op 30 Mei 2024 verkry]

| **Plakkate van links na regs** |
|---|
| Vonnis of geen vonnis ons staan by ons leiers |
| Ons is trots op ons leiers |
| Mylpaal na vryheid is bereik |


Hosted by www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is geneem uit:

https://samilhistory.com/2017/07/16/mein-kampf-shows-the-way-to-greatness-for-south-africa-theossewabrandwa

https://www.britanica .com

https://www.famous-trials.com/nelsonmandela/691-home

https://www.sahistory.org.za/archive/industrial-workers-africa-1917–1921-bikisha-media-collective

https://www.sahistory.org.za/article/industrial-and-commercial-union-timeline-1919-1989

https://www.sahistory.org.za/article/rivonia - trial-1963-1964

https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/archive-files3/Chapter% 2016

https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/field/image/the-workers-herald-icu.jpg

Keegan,T. Facing the Storm:Portraits of Black Lives in Rural South Africa

Pretoria News Library

Roberts, R et al The South African Opposition

sahistory.org.za/article/Afrikaner-broederbond

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2024**

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **50%<br>(25)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **20%<br>(10)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte word toegeken (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


Hosted by www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . __________
_______________ . ________________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.


Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se samestelling interpretasie van die vraag. (beplanning, gestruktureerde argumente.)

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek gekontekstueer ^

Verkeerde stelling ______

- Irrelevante stelling |
- Herhaling **H**
- Analise **A** √
- Interpretasie I √I
- Lyn van argument **LVA** ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke toegeken.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | }26–27 |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument.

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT WERKERSWEERSTAND GELEI IN DIE 1920's?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Ons is hier vir organisasie'
- 'Ons sal sien wat ons kan doen om die kapitalistiese stelsel af te skaf'
- 'Ons is hier vir die redding van die werkers'
- 'Ons is hier om te organiseer en te veg vir ons regte en voordele

(Enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Ekonomiese en politieke stelsel waarin 'n land se handel en nywerheid deur private eienaars beheer word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Weens oorvol reservate is mense gedwing om na die stede te kom om werk te soek
- Hulle hoofmanne het met die myneienaars saamgewerk om die werkers na die myne te stuur
- Werkers is gedwing om op die myne te werk as gevolg van armoede
- Hulle grond is deur Britte oorgeneem en daarom is hulle gedwing om op die myne te werk
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Hulle is verbied om te organiseer'
- 'Hulle is toegesluit in slegs manskampongs op die myne'
- 'Geskei in grimmige ghetto's in die tussenruimtes van die dorpe'
- 'Hul beweging is beheer deur die interne paspoort of paswet'

(Enige 3 x 1) (3)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle wou beter werksomstandighede hê
- Hulle benodig ordentlike lone
- Hulle wou beter behuising met sanitasie hê
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Alle werkers was bekommerd oor die verhoogde lewenskoste in die na-oorlogse era'
- 'Daar was 'n tekort aan ongeskoolde arbeid gedurende hierdie tydperk'
- 'Geskoolde en halfgeskoolde Kleurlingwerkers in die Kaap het aan 'vakbonde' behoort wat hoofsaaklik uit wit werkers saamgestel is'.

(Enige 2 x 1) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Belangrik dat alle rasse bymekaar kom om 'n sterker krag te vorm om werksomstandighede te verbeter
- Dit is hul plig om mense demokratiese vaardighede aan te leer
- Eenheid is die sleutel vir hulle om te wen
- Hulle moet organisatoriese vaardighede aanleer, soos hoe om vergaderings te lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Dit was die eerste swart vakbond wat vir werkersregte geveg het
- Die werkers het 'n mondstuk gehad om hul griewe te uiter
- Werkers het besef dat deur by die vakbond aan te sluit hulle 'n sterker mag sal word en daar sal aan hul eise voldoen word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1A – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit dui aan dat die ICU regdeur die land genoeg ondersteuning gekry het
- Dit dui aan dat die ICU suksesvol was om werkers van verskillende rasse te verenig
- Meer werkers het by die vakbond aangesluit en lojale lede van die ICU geword
- Dit het 'n massa-gebaseerde organisasie geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dit het getoon dat dit staan vir werkers se regte
- ICU wou die veiligheid van mynwerkers verbeter
- Dit wys die toestande wat mynwerkers op die myne moes verduur
- ICU wou die werker se lewensomstandighede in die myne verbeter
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Die ICU het 'n kantoor gehad waar klagtes ingedien kan word
- Dit het 'n uitvoerende komitee gehad aangesien die klagtes aan die Sekretaris-generaal gerig kon word (Enige 1 x 2) (2)

1.4. 1.4.1. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Die twee gearresteerde mans vrygelaat word'
- "n Verhoging van drie sjielings per dag in lone was om tred te hou met die stygende lewenskoste'
- 'Sekere verbeterings in die werksomstandighede' (3 x 1) (3)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die staking het 12 dae geduur, gevolglik het hulle wins verloor
- Die geld wat hulle verloor het, kon nie herwin word nie
- Hulle kon weens die staking nie opereer nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.4.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2]*
- Kampongs was akkommodasie vir trekmynwerkers
- Woonplekke op myne om die beweging van werkers te beheer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*
Kandidate kan sommige van die volgende insluit:
- Die 'Industrial Workers of Africa' (IWA) is gestig (Bron 1 A)
- Die toestande op die myne het tot die geboorte van die IWA gelei (Bron 1 A)
- IWA se slagspreuk was: ons wil alles hê (Bron 1A)
- Die Industrial and Commercial Workers Union (ICU) is in 1919 in Kaapstad gestig (Bron 1B)
- ICU het eenheid met nie-Europese mense bevorder om die stryd te wen (Bron 1B)
- ICU versprei deur Suid-Afrika (Bron 1B)
- ICU het 'n massa-gebaseerde organisasie met kantore geword (Bron 1C)
- ICU het ampsdraers gehad aan wie klagtes gerig is (Bron 1C)
- ICU het 'n staking in die myne georganiseer as gevolg van ondraaglike toestande in die myne (Bron 1D)
- Die staking wat georganiseer is, het vir 12 dae geduur (Bron 1D)
- 71 000 swart mynwerkers het by die staking aangesluit (Bron 1D)
- Die staking het die mynbedryf lamgelê (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord


Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die opkoms van swart nasionalisme in Suid-Afrika tot werkersweerstand in die 1920's gelei het nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragaaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die opkoms van swart nasionalisme in Suid-Afrika tot werkersweerstand gelei het in die 1920's**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die opkoms van swart nasionalisme in Suid-Afrika tot werkersweerstand gelei het in die 1920's**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET DIE OPKOMS VAN AFRIKANER NASIONALISME IN SUID-AFRIKA TOT AFRIKANER EENHEID IN DIE 1930's EN 1940's GELEI?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'bevordering van 'n gemeenskaplike taal'
- 'gemeenskaplike verlede'
- 'Die eenheid van 'n gemeenskaplike sin van godsdiens'

(3 x 1) (3)

2.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V2]*
- Verstedeliking is die beweging van baie Afrikaners vanaf landelike gebiede na stedelike gebiede
- Sekere werke was vir Afrikaners in stede gereserveer
- Wette word geproklameer deur die regering om die belange van Afrikaners te beskerm
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Predikante van godsdiens'
- 'Onderwysers'
- 'Akademici'
- 'Joernaliste'
- 'Boere'
- 'Sekere elemente in die staatsdiens' (Enige 2 x 1) (2)

2.1.4. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om te verseker dat Afrikaners dieselfde ekonomiese eienaarskap as Engelse het
- Om erken te word as 'n aparte, onafhanklike groep
- Vir die Afrikaners om Suid-Afrika te regeer
- Afrikaners moet verenig wees om Britse imperialisme te beveg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Dit het homself as 'n kultuurorganisasie bevorder'
- 'Voorneme om die "gees van 38" lewendig te hou'
- 'Afsydig staan van partypolitiek' (Enige 2 x 1) (2)

2.2.2. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Dit sal die gewone mense laat voel dat hulle deel van die organisasie se besluite was
- Om hul ledetal te vermeerder
- Vir hulle om 'n gevoel van samehorigheid te hê
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Braaivleis-aande'
- 'Jukskei vergaderings'
- 'plaaslike kultuurvereniging'
- 'Geleentheid by die kerk' (Enige 1 x 1) (1)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die Ossewabrandwag was vasbeslote om die Afrikaners aan bewind te bring
- Dit wys dat die Afrikaners Suid-Afrika as hul land sien
- Dit wys dat die Afrikaners hulself as God se uitverkore volk beskou het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die ossewa is 'n herinnering aan hul reis vanaf die Kaap na die Noorde
- Die ossewa simboliseer ook hul begeerte om onafhanklik te wees
- Dit is 'n herinnering aan die redes waarom hulle die Kaap verlaat het
- Dit is 'n herinnering aan die swaarkry wat hulle moes verduur
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en Bron 2C – V3]*
- Bron 2B dui aan dat Afrikaners kulturele erfenis moet beklemtoon en Bron 2C weerspieël die Afrikaner-kultuurerfenis deur 'n ossewa op die kenteken van die Ossewabrandwag te gebruik
- Bron 2B dui aan dat die Ossewabrandwag bedoel het om die gees van 1938 lewendig te hou en Bron 3C toon 'n ossewa in hul kenteken wat tydens die Groot Trek en die 1938-vieringe gebruik is.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Dit was die feit dat Afrikaanssprekende blankes uit die sentrum van mag uitgesluit is'
- 'Afrikaanssprekende blankes is uitgesluit in die invloed in die Suid-Afrikaanse stedelike ekonomie' (Enige 1 x 2) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Om nie langer die vernietiging van die Afrikanervolk te duld in 'n poging om by 'n buitelandse kapitalistiese stelsel aan te pas nie'
- om die volk te mobiliseer om hierdie vreemde stelsel vas te vang en dit aan te pas by ons nasionale karakter' (2 x 1) (2)

2.5.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2D – V2]*
- Afrikaner-nasionalisme is die gevoel van eenheid onder die Afrikanervolk
- Afrikaner-nasionalisme is 'n gevoel van eenheid onder Afrikaanssprekende mense wat dieselfde taal, godsdiens en kultuur deel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


Hosted by www.ecexams.co.za.

2.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Sodra Afrikaners aan bewind is, sal hulle in beheer wees van die land se ekonomie
- Sodra hulle aan bewind is, sal hulle nie meer werknemers wees nie, hulle sal werkgewers wees
- Om die land te regeer, is wat die Afrikaners nodig het om finansieël onafhanklik te wees
- Om te verseker dat die Nasionale Party die verkiesing wen om die Afrikanerbelange te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Om te verseker dat die ekonomie in die hande van die Afrikaners bly
- Om die Afrikaner monopolie ekonomie en -politiek te verseker
- Om die "armblankes" by te staan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate kan sommige van die volgende insluit:
- Afrikaner-nasionalisme kan in algemene terme gesien word as 'n breë sosiale en politieke reaksie op die ongelyke ontwikkeling van kapitalisme in Suid-Afrika (Bron 2A)
- Verstedeliking en industrialisasie het tot Afrikaner-nasionalisme gelei (Bron 2A)
- Afrikaner-middelklas was die dryfkrag agter Afrikaner-nasionalisme (Bron 2A)
- Baie middelklaslede behoort aan die Broederbond (Bron 2A)
- Die Broederbond werk hard om beide landelike en stedelike Afrikaners te verenig (Bron 2A)
- Ossewabrandwag het bygedra tot die taak om Afrikaners te verenig (Bron 2B)
- Afrikaners kon Trekkerrok dra om 'n gevoel van gemeenskapskultuur en gemeenskaplike erfenis te voel (Bron 2B)
- Hulle het braaivleisaande en jukskeivergaderings gehad wat Afrikaner-nasionalisme bevorder het (Bron 2B)
- Hulle glo dat die volk deur God uitverkies is (Bron 2C)
- Afrikaner-nasionalisme het die simboliese waarde van die Groot Trek bevorder (Bron 2C)
- Hulle het geglo dat Suid-Afrika aan hulle behoort (Bron 2C)
- Die ontwikkeling van Afrikanerbesigheid was die doel van die Broederbond (Bron 2D)
- Broederbond het boere en werkers georganiseer om in Afrikanermaatskappye en in Afrikanerbanke te belê (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord



Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv **toon geen of min begrip oor hoe die opkoms van Afrikaner nasionalisme in Suid-Afrika tot Afrikaner eenheid gelei het in die 1930’s en 1940’s.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die opkoms van Afrikaner nasionalisme in Suid-Afrika tot Afrikaner eenheid gelei het in die 1930’s en 1940’s.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe die opkoms van Afrikaner nasionalisme in Suid-Afrika tot Afrikaner eenheid gelei het in die 1930's en 1940’s.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN INTENSIEWE WEERSTAND TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1960's?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Die nasleep van die Sharpeville-slagting'
- 'Die afkondiging van die noodtoestand' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V2]*
- Om apartheid te beveg deur gewelddadige metodes (wapens, ens.) te gebruik
- Nie-gewelddadige metodes wat in die verlede gebruik is, het ondoeltreffend gelyk
- Om gewelddadige metodes te gebruik om die Nasionale Party te dwing om sy apartheidsbeleid te laat vaar
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Dit dui op die gewilligheid van anti-apartheid Suid-Afrikaners om vir vryheid te veg
- Aktiviste was bereid om vir die bevrydingstryd te sterf
- Motiveer Suid-Afrikaners om op te staan teen die onderdrukkende maatreëls van die apartheidsregering
- MK het besef die enigste weg na 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika was deur gewelddadige middele
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Spoorweë'
- 'Polisiestasies'
- 'Sleutelgeboue wat verband hou met die administrasie van apartheid' (Enige 2 x 1) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party'
- 'MK Hoëkommando' (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3B – V1]*
- 'n Persoon wat inligting verkoop in ruil vir geld of gunste
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.3. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Planne om die regering omver te werp
- Planne om staatsgeboue aan te val en te saboteer
- Voorstelle vir guerrilla-oorlogvoering
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Denise Goldberg'
- 'Rusk Bernstein'
- 'Raymond Mhlaba'
- 'Bob Heppie'
- 'Govan Mbeki'
- 'Arthur Goldreich'
- 'Ahmed Kathrada'
- 'Walter Sisulu' (Enige 2 x 1) (2)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die regering kon die krag van die stryd binne Suid-Afrika breek
- Verswyg verset in Suid-Afrika
- Groot aantal ANC-leiers wat gearresteer is of in ballingskap gegaan het – wat die organisasies sonder leiers gelaat het
- Internasionale aandag ontlok
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'werwing van persone vir opleiding in die voorbereiding en gebruik van plofstof'
- 'In guerrilla-oorlogvoering vir die doel van gewelddadige rewolusie en die pleeg van sabotasiedade'
- 'om buitelandse militêre eenhede te help wanneer hulle die Republiek binneval'
- 'Op hierdie maniere op te tree om die oogmerke van kommunisme te bevorder'
- 'geld vir hierdie doeleindes te ontvang van simpatiseerders in Algerië, Ethiopië, Liberië, Nigerië, Tunisië en elders'

(Enige 2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Sou lei tot die einde van apartheid
- Sal uiteindelik lei tot 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika
- Stryd vir vryheid het nie geëindig nie, maar verskerp
- Ander organisasies is gestig wat apartheid teëgestaan het
- Internasionale druk op Suid-Afrika het toegeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Mandela wou hê dat alle Suid-Afrikaners gelyk behandel moet word
- Hy was ten gunste van demokrasie
- Dui aan dat Mandela 'n vryheidsvegter was
- Hy was bereid om vir sy oortuigings te sterf aangesien die doodstraf steeds wettig was in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.3.4 *[Bepaal die betroubaarheid van bewyse uit Bron 3B – V3]*
**Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**
- Primêre bron – dus eerstehandse inligting
- Die toespraak kan met ander bronne geverifieer word
- Is geneem uit die oorspronklike opnames wat in die hof gemaak is
- As ŉ swart Suid-Afrikaner het hy die onderdrukking van apartheid ervaar en aanskou
- Hy het ŉ leiersfiguur in die stryd om vryheid geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om te wys hulle was teen die apartheidsbeleid
- Die Trialist (aangeklaagdes) moet nie verhoor word nie, maar die apartheidsregering vir hul misdade teen die mensdom
- Die feit dat hulle aangekla was omdat hulle vir demokrasie vir alle Suid-Afrikaners geveg het
- Hulle het dieselfde idees ondersteun as die aangeklaagdes
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Vonnis of geen vonnis ons staan by ons leiers'
- 'Ons is trots op ons leiers' (2 x 1) (2)

3.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Die regering het ŉ noodtoestand afgekondig en duisende mense is aangehou (Bron 3A)
- Die ANC en PAC is verban (Bron 3A)
- Verskerpte staatsonderdrukking (Bron 3A)
- Beide PAC en ANC het militêre vleuels gevorm en ŉ gewapende stryd begin (Bron 3A)
- MK het tuisgemaakte toestelle gebruik om openbare fasiliteite te bombardeer en te beskadig (Bron 3A)
- Die polisie het ŉ informant gebruik om MK te infiltreer (Bron 3B)
- Die SAKP en MK Hoëkommando het Liliesplaas gekoop as ŉ wegkruipplek vir verbode aktiviste (Bron 3B)
- Die groep is by Lilieslief gearresteer met dokumente wat hulle inkrimineer (Bron 3B)
- Gelei tot die Rivonia-verhoor (Bron 3C en Bron 3D)
- Die mense het die Rivonia-aangeklaagdes ondersteun (Bron 3D)
- Die internasionale gemeenskappe het sanksies teen Suid-Afrika ingestel (eie kennis)
- Suid-Afrikaanse sportkodes is nie toegelaat om in die Wêreldbeker te speel nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord



Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om hierdie paragraaf te assesseer.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor wat die impak van intensiewe weerstand teen die apartheidsregering in Suid-Afrika gedurende die 1960's was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragaaf skryf nie. | **Marks: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor wat die impak van intensiewe weerstand teen die apartheidsregering in Suid-Afrika gedurende die 1960's was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **Marks: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor wat die impak van intensiewe weerstand teen die apartheidsregering in Suid-Afrika gedurende die 1960's was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Marks: 5–6** |

(6)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: SWART NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die terugkeer van soldate uit die Tweede Wêreldoorlog swart Suid-Afrikaners beïnvloed het om vir vryheid te veg. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die terugkerende soldate uit die Tweede Wêreldoorlog swart Suid-Afrikaners beïnvloed het om vir vryheid te veg. Hulle moet aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Swart Suid-Afrikaners is deur baie faktore beïnvloed om 'n behoefte vir eenheid te sien
- Swart Suid-Afrikaners het 'n rol gespeel in die TWO teen Duitsland
- Swartes is nie toegelaat om gewere te dra nie
- Ten spyte daarvan dat swartes gewerk het as bestuurders en slootgrawers, het hulle na Suid-Afrika teruggekom met die idees van demokrasie
- TWO het gelei tot 'n ekonomiese opbloei wat gelei het tot 'n massiewe uitbreiding van die stedelike arbeidsmag
- Die aantal swart arbeiders het toegeneem namate hulle baie blankes vervang het wat oorlog toe gegaan het
- Verstedeliking het beduidende implikasies vir Afrika-nasionalisme gehad
- Brittanje en die VSA teken die Atlantiese Handves
- Belofte om die regte van alle mense op selfbeskikking te respekteer
- Het gelei tot die stigting van VN en NAVO
- VN verbind tot die verklaring van regte van alle burgers
- Xuma het die handves van regte gebruik om te veg vir swart eise
- Nuwe President van die ANC, Dr Alfred Xuma, het die Atlantiese Handves ontleed, veral die klousules wat op Afrika van toepassing was
- 1943 het die ANC Xuma se dokument, African Claims in South Africa aanvaar
- Dit het 'n Handves van Regte ingesluit, wat gevra het dat rassediskriminasie beëindig moet word en dat die franchise na alle volwassenes uitgebrei moet word, ongeag ras
- Dit het die regverdige verdeling van grond, vryheid van handel vir Afrikane, die reg op gelyke en gratis onderwys vir alle swartkinders, gelyke gesondheidsfasiliteite en die afskaffing van alle diskriminerende arbeidspraktyke geëis
- Terugkerende soldate vanaf die oorlog het Suid-Afrikaners beïnvloed om vir hul regte te veg
- Swart Suid-Afrikaners is geïnspireer met die idees van vryheid en demokrasie
- Hierdie idees het ontstaan as gevolg van hul interaksie met soldate uit die buiteland



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Die begeerte na vryheid het aanleiding gegee tot ŉ groei in swart nasionalisme
- 20 000 swart Suid-Afrikaanse soldate wat gesamentlik deur die ANC, CPSA en die Vakbondbeweging georganiseer is, het na die einde van die Tweede Wêreldoorlog aan die oorwinningsoptog deelgeneem
- Diskriminasie teen swart soldate het ná die oorlog voortgeduur, aangesien terugkerende wit soldate elk 5 pond en 25 pond kleretoelaag ontvang het, terwyl swart Suid-Afrikaanse soldate 2 pond kontant en ŉ kakiepak ter waarde van 2 pond ontvang het.
- Jeug binne die ANC het ongeduldig geraak met die konserwatisme van die ANC en die stadige vordering in die verkryging van vryheid en demokrasie
- Jong lede van die ANC het meer militant geword en die ANC-jeugliga gestig
- ANC Jeugliga het ander metodes gebruik om vir demokrasie te veg
- Jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig en nie die massas nie
- ANC-nasionalisme is 'Charterism' genoem
- ANC het vanaf ŉ gematigde organisasie na ŉ massabeweging van nasionale bevryding beweeg
- ANC VroueLiga is in 1943 gestig met Madie Hall-Xuma as die president
- Sommige lede van die ANC was ongelukkig oor die samewerking met ander nasionale groepe
- Hulle voel dat Lembede se visie van swart nasionalisme afgeskeep word
- Hulle maak beswaar oor die invloed van kommunisme omdat hulle Marxisme as ŉ vreemde ideologie beskou het
- PAC is in 1959 gestig met Robert Sobukwe as president
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe die idee van die Volk bevorder is en die hoeksteen van Afrikanernasionalisme in die 1930's tot die 1940's geword het. Kandidate moet hul argument met relevante bewyse ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem oor die stelling oor hoe die idee van die Volk bevorder is en die hoeksteen van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's tot die 1940's geword het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- 'Afrikaner' beskryf as 'n groep mense wat Afrikaans gepraat het (agtergrond)
- Afrikaners het as groep ontwikkel na integrasie van verskeie Europese nasionaliteite aan die Kaap (agtergrond)
- Afrikaners het hulself gesien as 'n volk wat deur God uitverkies is
- Die idee van 'n volk het die hoeksteen van Afrikanernasionalisme geword
- Nasionaliste was vasbeslote om die volk teen oorheersing deur ander etniese en taalgroepe te beskerm
- Afrikaner-identiteit moes ten alle koste bewaar word
- Afrikaners moes as 'n nasie verenig bly
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Christelike Nasionale Onderwys (CNE) was die bewaarders van Afrikanererfenis
- Onderwys en godsdiens het Afrikanerdenke gelei en hul taal en kultuur lewendig gehou
- Kinders sou moedertaalonderrig ontvang
- Opvoeding skep eenheid van die Volk as 'n ras
- Afrikaner Volk-ideologie beoog om Afrikaners op die basis van ras en taal te verenig
- Die rol van die Broederbond en die FAK om die voortbestaan van die Afrikaanse taal en kultuur te verseker
- Broederbond bevorder Afrikanernasionalisme en voorkom die uitbuiting van Afrikanerwerkers
- Nasionale pers-gepubliseer
- Afrikaner nasionalistiese koerante, Die Burger en die Transvaler
- Eeufeesviering van Die Groot Trek het Afrikanereenheid en trots in hul kultuur bevorder
- Eerste Afikaner bouvereniging genaamd Saambou
- Afrikanerbesighede bevorder – Naspers, Die Burger, Santam, Sanlam, Volkskas bank
- Redddingsdaadbond het verseker dat Afrikanerbesighede deur Afrikaners ondersteun word



Hosted by www.ecexams.co.za.

- 1932 – Carnegie Kommissie van ondersoek kyk na armblankvraagstuk
- Armblankeprobleem opgelos deur werk te skep by die spoorweg en hawens
- Rol van vroue
- Nasionale Party het na vore getree as ŉ dominante politieke mag in die bevordering van Afrikaner-nasionalisme
- NP het die eis vir 'apartheid' as die sentrale slagspreuk in hul veldtog voorgehou
- Blanke oppergesag moes ten alle koste gehandhaaf word
- Nasionaliste het die blankes bang gemaak met die idee van ŉ 'swart gevaar'
- Afrikanernasionalistiese beleid het ŉ beroep gedoen op wit boere wat teen die beweging van Afrikane na stede was
- Die NP het kiesers belowe dat hul werk beskerm sal word deur die toepassing van die werkreserwewette
- Afrikanervakbonde gevorm om die belange van Afrikanerwerkers te beskerm
- Die Tweede Wêreldoorlog het ŉ groot impak op Afrikanernasionalisme
- Die 1948 verkiesing – aanloop en nasleep
- Afrikaanssprekende Afrikaners het die NP in die 1948-verkiesing aan bewind gestem
- Die NP-leier, Dr Malan, het die nuwe Eerste Minister geword
- Apartheidswetgewing is ingestel
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante slot. **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie saamstem dat die Nasionale Party-regering se apartheidsbeleide weerstand van bevrydingsorganisasies ontlok het. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui of hulle saamstem of nie saamstem dat die Nasionale Party-regering se apartheidsbeleide weerstand van bevrydingsorganisasies ontlok het. Kandidate moet aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- ANC se Program van Aksie
- ANC word meer militant toe die ANC Jeugliga gevorm is
- Gebruik boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en opstande as middel van verset
- Meidag wegbly-aksie
- Werkers wys hul ontevredenheid
- Versetveldtog
- 1952 – breek wette doelbewus – betree 'slegs blankes' fasiliteite
- Verbrand passe in die openbaar
- Het geweier om boetes te betaal en wou hê dat tronke oorvol word
- Gehoop dat die apartheidstelsel sou verbrokkel
- Sommige vermoor en gearresteer
- Kongresalliansie
- Konferensie gehou van alle rassegroepe om 'n grondwet op te stel
- Vryheidsmanifes
- Ontmoet te Kliptown op 25 en 26 Junie 1955
- Stel 'n dokument op wat die aspirasies van alle Suid-Afrikaners verteenwoordig
- Het die bloudruk vir die nuwe grondwet van Suid-Afrika geword
- Vroue-optog na Pretoria (9 Augustus 1956) in protes teen die instelling van paswette vir vroue
- Vroue gedwing om passe te dra
- 20 000 vroue van alle rasse het na die Uniegebou opgeruk
- Leiers van die optog – Lilian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophie Williams en Helen Joseph
- Hulle het 'n lied, spesiaal vir die geleentheid, geskryf wak gelui het: Strydom jy het die vrouens kwaad gemaak; jou teen 'n muur vasgeloop
- Eerste Minister, J.G. Strijdom, het geweier om die vroue te sien
- Toe hulle weg is – is Nkosi Sikeleli Afica gesing
- Hoogverraad
- Verset teen apartheid het tot die arrestasie van lede van die Kongres Alliansie gelei



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Gearresteer vir poging om die regering omver te werp
- In 1956 het die staat 156 aktiviste gearresteer
- Verhoor het vir twee jaar in “Drill Hall” plaasgevind
- Doel van die regering was om mense te intimideer en tot verswakking van weerstand te lei
- Teen 1961 is alle beskuldigdes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.